FACULTY OF NATURAL AND AGRICULTURAL SCIENCES
SCHOOL OF PLANT AND CROP SCIENCES
PROFESSOR AND HEAD (ONE POST)

(Scroll down for Afrikaans)

*In pursuit of the ideals of excellence and diversity, the University of Pretoria wishes to invite applications for the above vacancy.*

*The University of Pretoria's commitment to quality makes us one of the top research Universities in the country and gives us a competitive advantage in international science and technology development.*

The Faculty of Natural and Agricultural Sciences is one of the most diverse science faculties on the African continent. The Faculty hosts undergraduate and postgraduate programmes in the broad knowledge fields of Agricultural, Biological, Mathematical and Physical Sciences and our curricula are characterised for its breadth and depth in its offerings. The Faculty is recognised by the ISI Web of Knowledge field rankings in the Plant and Animal Sciences (including Forestry), Environment and Ecology and Agriculture.

One of the main goals of the UP 2025 Strategic Plan is the creation and enhancement of solid multidisciplinary research programmes based on the current disciplinary strengths and research capacity. Progress in addressing a number of the global challenges such as food security, climate change, environmental sustainability, ecology and biodiversity is closely linked to the University of Pretoria's knowledge and understanding of the basic and applied plant sciences. To enhance the current strengths and opportunities, a more coherent effort towards addressing the global challenges related to the plant domain was needed. The Faculty has recently established the formation of a new School of Plant and Crop Sciences through which we will consolidate all our undergraduate and postgraduate programmes in the plant and applied plant sciences.

This consolidation process will enable the University to align strategic research activities in basic plant science including molecular aspects with agriculture, biotechnology, ecology and biodiversity. A single academic home will enable the University to strengthen strategic international and local partnerships with industry and government which can attract major external funding streams for several of the critical knowledge fields. It will further contribute and strengthen existing centres of excellence, Institutional Research Themes and institutes and will enable the development of future research chairs of national relevance. Through these efforts it is believed that the strengths in the field of basic and applied plant sciences could be used to assist the University in harnessing its potential to make a difference in South Africa, Africa and the rest of the world.

The Faculty of Natural and Agricultural Sciences invites applications for the position of Professor and Head of the School of Plant and Crop Science (HoS).

Apart from the normal administrative duties as HoS, the position will involve the development of the vision of the School to become a leading institution in the basic and applied plant sciences. Relevant research and teaching experience in these fields will be advantageous. The candidate will actively support and drive the commitment of the University of Pretoria's 2025 vision to become a leading research university in Africa. The candidate will have to demonstrate a record of international research collaboration, teaching and supervision at different levels and a successful acquisition of external research grants. The University of Pretoria is seeking a highly motivated, internationally recognised scientist to develop the research programme and facilities in in the School. The candidate will be responsible for supervising undergraduate and postgraduate students and is expected to contribute to undergraduate as well as honours courses. The ideal candidate will have experience in academic administration in a university context. Good contacts in the plant sciences field will be of advantage.

RESPONSIBILITIES:

The candidate will be responsible for:

- The strategic, academic and operational management of the School;
- Promoting the School's research profile;
- Ensuring scholarly academic and professional education and training;
- Playing an active role as academic leader of the discipline at a national and international level;
- Fundraising for departmental activities.

MINIMUM REQUIREMENTS:

- A relevant doctorate with at least 10 years' experience;
- Internationally recognised academic standing in a relevant discipline in plant science;
- A proven research and publication record and peer recognition;
- Experience in high-level liaison with internal and external stakeholders;
- An appropriate vision for the School;
- Managerial skills and competencies;
- Strong leadership and communication skills;
- Diversity management skills;
- The ability to lead research programmes.

RECOMMENDATIONS:

- Managerial experience at a tertiary institution;
- A strong research record in one of the School's research specialisation fields.

The annual remuneration package will be commensurate with the incumbent's level of appointment, as determined by UP policy guidelines. UP subscribes to the BESTMED medical aid scheme and contributes 50% of the applicable monthly premium.

Applicants are requested to apply online at www.up.ac.za and follow the link: Careers@UP, quoting the applicable reference number of the position advertised.

Applicants are requested to provide the following documentation in support of their application:

- A complete and updated Curriculum Vitae
- A brief self-evaluation by the candidate
- The candidate's vision for the School
- Details of three contactable referees, including referees who can attest to the candidate's academic activities as well as leadership qualities. The University reserves the right to appoint additional referees.

CLOSING DATE: 31 July 2014

No application will be considered after the closing date, or if it does not comply with at least the minimum requirements.

ENQUIRIES: Prof A Ströh, Tel: (012) 420 2478

Should you not hear from the University of Pretoria by 30 September 2014, please accept that your application has been unsuccessful.

PLEASE NOTE: As part of the selection process, candidates may be expected to do a 15-minute presentation to the Appointments Committee on his/her vision for the School.

By applying, candidates agree to the appointment process as set out in the relevant UP policy document. This process can be accessed at http://www.up.ac.za/services/personnel/policies/w113E.doc.

The headship is a term appointment for a period of four years, but external candidates are also considered for a permanent academic appointment as Professor. Preference will be given to the incumbent for re-appointment for a second term.

*The University of Pretoria is committed to equality, employment equity and diversity.*

*In accordance with the Employment Equity Plan of the University and its Employment Equity goals and targets, preference may be given, but is not limited to candidates from under-represented designated groups.*

*All candidates who comply with the requirements for appointment are invited to apply.*

*The University of Pretoria reserves the right not to make an appointment to the posts as advertised.*

(Afrikaanse weergawe)

FAKULTEIT NATUUR- EN LANDBOUWETENSKAPPE
SKOOL VIR PLANT- EN GEWASWETENSKAPPE
PROFESSOR EN HOOF (EEN POS)

*In die nastrewing van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die bogenoemde pos ingewag.*

*Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.*

Die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe is een van die mees diverse wetenskap-fakulteite op die kontinent van Afrika. Die Fakulteit huisves voor- en nagraadse programme in die breë kennisgebiede van die Landbou-, Biologiese-, Wiskundige- en Fisiese Wetenskappe en ons kurrikula word gekenmerk deur die omvang en diepte van die aanbieding daarvan. Die Fakulteit word deur die ISI se Web van Kennisveldgraderings in die Plant- en Dierewetenskappe (insluitend Bosbou), Omgewing en Ekologie en Landbou erken.

Een van die hoofdoelwitte van die UP se 2025 Strategiese Plan is die skep en uitbreiding van stewig gegronde multidissiplinêre navorsingsprogramme wat op die huidige dissiplinêre sterkpunte en navorsingsvermoë gebaseer is. Vordering in die aanpak van 'n aantal van die wêreldwye

uitdagings soos voedselsekerheid, klimaatsveranderinge, omgewingsvolhoubaarheid, ekologie en biodiversiteit sluit nou aan by die Universiteit van Pretoria se kennis en begrip van die basiese en toegepaste plantwetenskappe. ’n Meer samehangende poging om wêreldwye uitdagings aan te pak wat verband hou met die plantdomein was nodig om die huidige sterkpunte en uitdagings te vermeerder. Die Fakulteit het onlangs die struktuur van ’n nuwe Skool vir Plant- en Gewaswetenskappe daargestel van waar ons al ons voor- en nagraadse programme in die plant- en toegepaste wetenskappe sal konsolideer.

Hierdie konsolidasieproses sal die Universiteit in staat stel om strategiese navorsingsaktiwiteite in basiese plantwetenskap, insluitend molekulêre aspekte, in pas te bring met landbou, biotegnologie, ekologie en biodiversiteit. ’n Enkele akademiese tuiste sal die Universiteit in staat stel om strategiese internasionale en plaaslike vennootskappe met die industrie en die regering te versterk, wat aanleiding kan gee tot ’n vloed van belangrike eksterne fondse vir verskeie van die kritiese kennisterreine. Dit sal ook ’n bydrae lewer tot en versterking bied vir bestaande sentra van uitnemendheid, Institusionele Navorsingstemas en organisasies en sal die ontwikkeling van toekomstige navorsingstoele wat nasionaal relevant is, moontlik maak. Ons is oortuig dat, deur middel van hierdie pogings, die sterkpunte op die gebied van basiese en toegepaste plantwetenskappe gebruik kan word om die Universiteit by te staan om sy potensiaal aan te wend om ’n verskil te maak in Suid-Afrika, Afrika en die res van die wêreld.

Die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe nooi aansoekers uit om aansoek te doen vir die pos van Professor en Hoof van die Skool van Plant- en Gewaswetenskappe (HvS).

Bo en behalwe die gewone administratiewe take, sal die pos ook behels die ontwikkeling van die visie van die Skool om ’n toonaangewende organisasie in die basiese en toegepaste plantwetenskappe te word. Toepaslike navorsings- en onderrigervaring op hierdie gebiede sal as aanbeveling dien. Die suksesvolle kandidaat sal die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot die 2025 visie om ’n toonaangewende navorsingsuniversiteit in Afrika te word, aktief ondersteun en bestuur. Die kandidaat moet bewyse van internasionale navorsingsamewerking en onderrig, en bewyse as studieleier op verskillende vlakke, asook van suksesvolle verkryging van navorsingsbeurse kan voorlê. Die Universiteit van Pretoria is op soek na ’n hoogs-gemotiveerde, internasionaal erkende wetenskaplike om die navorsingsprogram en fasiliteite in die Skool te ontwikkel. Die kandidaat sal verantwoordelik wees om as studieleier vir voor- en nagraadse studente op te tree en daar sal van hom/haar verwag word om ’n bydrae te lewer tot voorgraadse asook honneurskursusse. Die ideale kandidaat sal oor ondervinding in akademiese administrasie binne universiteitsopset beskik. Betroubare kontakte in die plantwetenskappe sal tot die kandidaat se voordeel wees.

PLIGTE:

Die kandidaat sal verantwoordelik wees vir:

- Die strategiese, akademiese en operasionele bestuur van die Skool;
- Bevordering van die Skool se navorsingsprofiel;
- Die versekering van akademiese en professionele onderrig en opleiding van studente;
- Vervulling van ’n aktiewe rol as akademiese leier op die vakgebied op nasionale en internasionale vlak;
- Fondsinsameling vir departementele aktiwiteite.

MINIMUM VEREISTES:

- ’n Toepaslike doktorsgraad met minstens 10 jaar ervaring;
- Internasionaal erkende akademiese status op 'n toepaslike vakgebied in plantwetenskappe;
- ’n Bewese navorsings- en publikasierekord en eweknie-erkenning;
- Ervaring in hoëvlakskakeling met interne en eksterne aandeelhouers;
- ’n Toepaslike visie vir die Skool;
- Berstuursvaardighede en –bekwaamhede;

- Sterk leierskap- en kommunikasievaardighede;
- Diversiteitsbestuursvaardighede;
- Die vermoë om navorsingsprogramme te lei.

AANBEVELINGS:

- Bestuurservaring by ’n tersiêre instelling
- ’n Stewige navorsingsrekord in een van die Skool se spesialisnavorsingsvelde

Die jaarlikse vergoedingspakket vir hierdie pos sal in ooreenstemming met die suksesvolle kandidaat se aanstellingsvlak wees. UP onderskryf die BESTMED mediese skema en dra 50% van die toepaslike maandelikse paaiement by.

Aansoekers word versoek om aanlyn aansoek te doen by www.up.ac.za. Volg die skakel: Careers@UP en noem die toepaslike verwysingsnommer van die geadverteerde pos.

Aansoekers word versoek om asseblief die onderstaande dokumentasie ter ondersteuning van hul aansoeke te voorsien:

- ’n Volledige en opgedateerde Curriculum Vitae
- ’n Kort selfevaluering deur die kandidaat
- Die kandidaat se visie vir die Skool
- Besonderhede van drie kontakbare verwysingspersone, insluitend persone wat kan getuig van die kandidaat se akademiese aktiwiteite, asook van sy/haar leierseienskappe. Die Universiteit behou die reg voor om addisionele verwysingspersone aan te stel.

SLUITINGSDATUM: 31 Julie 2014

Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

NAVRAE: Prof A Ströh, Tel: (012) 420 2478

Indien daar nie teen 30 September 2014 met u in verbinding getree is nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.

LET WEL: Daar mag van kandidate verwag word om ‘n 15-minute voordrag oor sy / haar visie vir die Skool aan die Aanstellingskomitee te lewer.

Deur aansoek te doen, stem kandidate in tot die aanstellingsprosedure soos vervat in die relevante UP beleidsdokument. Toegang tot die aanstellingsprosedure word by http://www.up.ac.za/services/personnel/policies/w113E.doc verkry.

Die hoofskap is ’n vastetermynaanstelling vir ’n tydperk van vier jaar, maar eksterne kandidate word oorweeg vir ’n permanente akademiese aanstelling as Professor. By verstryking van die termyn sal voorkeur vir heraanstelling vir ’n tweede termyn aan die posbekleër gegee word.

*Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit.*

*Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur gegee word aan kandidate uit onderverteenwoordigde aangewese groepe maar word nie tot sulke kandidate beperk nie.*

*Alle kandidate wat aan die aanstellingsvereistes voldoen word uitgenooi om aansoek te doen.*

*Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.*